

14

DIE BYBEL

Literatuursoorte in die Bybel

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat die Bybel uit verskillende literatuursoorte saamgestel is.

SPEKIFIEKE DOELSTELLINGS

Kennis

Die kinders moet weet watter verskillende literatuursoorte in die Bybel gevind word.

Gesindheid

Die kinders moet die Bybel as God se Woord in mensewoorde aanvaar.

Vaardigheid

Die kinders moet kan onderskei watter betekenis in die verskillende literatuursoorte opgeteken is.

MEER INLIGTING

Ons het reeds in die vorige les geleer dat die Bybel 'n *geloofsboek* is waarin God deur die mond en hand van verskillende mense iets wil sê oor Homself, oor die wêreld en die mens. Wanneer ons in die gewone lewe vir iemand iets wil sê, doen ons dit op verskillende maniere. Ons skryf 'n brief, of 'n verhaal, of 'n gedig; selfs 'n SMS of 'n e-pos. Elk van hierdie literatuursoorte het 'n eie styl. Ons keuse van 'n bepaalde literatuursoort hang af van die doel of lesers wat ons in gedagte het. In die Bybel word daar ook op verskillende maniere geskryf om vir mense iets te vertel oor God en die wêreld. Ons kry daarom verskillende literatuursoorte in die Bybel. 'n Mens kry selfs in een boek verskillende literatuursoorte.

OU TESTAMENT

Ons kan in die Ou Testament die volgende literatuursoorte onderskei:

Verhalende literatuur

'n Groot deel van die Bybel is verhalende literatuur. Die bedoeling van verhalende literatuur is nie om geskiedkundige gebeure noukeurig oor te vertel nie. Verhalende literatuur in die Bybel

wil eerder gebeurde in die geskiedenis gebruik om ons iets van God se bemoeienis met mense te vertel. Hierdie verhale wat in die Bybel opgeteken is, het die bedoeling om aan ons te wys hoe God getrou bly aan die beloftes wat Hy aan hulpelose mense gemaak het. Die verdere doel met hierdie verhale is om ons geloof en ons uitkyk op die lewe te vorm. Daarom moet 'n mens die verhalende literatuur lees om die boodskap daarin te kan raaklees, en nie asof dit 'n geskiedenisboek is nie.

(Genesis tot Josua)	Boek	Verhale
	Genesis	Skepping, sondeval, Noag en die ark, die aartsvaderverhale: Abraham, Isak, Jakob en Josef
	Eksodus	Die uittog uit Egipte en die jare in die woestyn
	Numeri (dele van die boek)	Die verblyf by Sinai en die trek deur die woestyn
	Deuteronomium (dele van die boek)	Moses se laaste dae en opdragte oor die inname van die beloofde land
	Josua	Inname van die beloofde land

ANDER VERHALE	Boek	Verhale
	Rigters	Stryd teen die Filistyne en ander volke: Debora, Gideon, Simson en ander
	Rut	Naomi, Orpa, Rut en Boas
	Ester	Ester, Hamman en Mordegai
	Jona	Die verhaal van die profeet Jona (word daarom soms ingedeel onder die profetiese literatuur)

Deuteronomistiese geskiedskrywing

Die Ou Testament bevat twee groot beskrywings van die geskiedenis van Israel. Die eerste staan bekend as die Deuteronomistiese geskiedskrywing omdat die skrywers van Deuteronomium ook verantwoordelik was vir die neerskryf van hierdie weergawe van Israel se omswerwinge vanaf die woestyntyd tot en met die ballingskap van Juda in 587/6 voor Christus. Ons vind hierdie geskiedskrywing in die boeke van Deuteronomium tot 2 Konings, en kan dit soos volg opsom:

GESKIEDSKRYWING	Boek	Geskiedenis
	Deuteronomium	Slottoesprake van Moses
	Josua	Inname van die beloofde land
	1 en 2 Samuel	Samuel die rigter en die profeet Vestiging van monargie (koningskap) in Israel Geskiedenis van Saul en Dawid

GESKIEDSKRYWING	Boek	Geskiedenis
	1 en 2 Konings 1 Konings 1-11 1 Konings 12 – 2 Konings 17 2 Konings 18-25	Geskiedenis van Salomo, verdeling van die ryk en verloop van die geskiedenis tot met die Babiloniese ballingskap in 587/6 vC Salomo se koningskap en die bou van die tempel Geskiedenis van Israel en Juda se konings tot die val van Jerusalem en die begunadiging van Jojagin, en daarna

Kronistiese geskiedskrywing

Die tweede beskrywing van die geskiedenis van Israel vind ons in die boeke 1 en 2 Kronieke, Esra en Nehemia. Dit staan as die Kronistiese geskiedskrywing bekend, en is waarskynlik so 200 jaar later as die Deuteronomistiese geskiedskrywing saamgestel om die geskiedenis vir 'n latere geslag te vertel en te interpreteer. Die Kronistiese geskiedskrywing stem in breë trekke ooreen met die verhale in 1 en 2 Konings, en het onder meer hierdie boeke as bron gebruik. Tog word die verhaal van Israel verder vertel, en nou met ander aksente. Hierdie geskiedskrywing strek verder as die Babiloniese ballingskap en vertel hoe die Israëliete na Juda terugkeer en met die heropbou van die land, die stad Jerusalem en later die tempel begin.

GESKIEDSKRYWING	Boeke	Geskiedenis
	1 en 2 Kronieke, Esra en Nehemia	Die geskiedenis van die konings van Israel en Juda, die verhale van Esra en Nehemia en die terugkeer van Israel in die Persiese tyd (na die val van die Babiloniese ryk)

Wetsliteratuur

Veral in die Ou Testament vind ons heelwat inligting oor die wette wat God aan die Israëliete gegee het oor die beoefening van hul godsdienst, maar ook oor alledaagse dinge soos reiniging. God hou van orde. Ons lees ook wette wat te doen het met die regstelsel in Israel. Die belangrikste wet wat ons in die Ou Testament vind, is natuurlik die tien gebooe wat in Eksodus 20 en Deuteronomium 5 opgeteken is.

WETSLITERATUUR	Boek	Wette
	Eksodus (dele van die boek)	Byvoorbeeld die tien gebooe en verbondsboek
	Numeri (dele van die boek)	Algemene wette, lyste en getalle
	Levitikus	Reinheidswette en wette vir die priesters
Deuteronomium	Algemene wette en ook die tien gebooe	

Wysheidsliteratuur

In die Ou-Testamentiese tyd was daar ook wysheidsliteratuur. In daardie tyd is by al die volke van die antieke tyd wyskede neergeskryf. Dit was maar min of meer lewenslesse wat aangeteken is of verhale wat vertel is om die een of ander lewenswaarheid te bespreek. Daar is ook gedigte (poësie) geskryf en vrae oor die mens se bestaan gevra. In Israel het mense oor hierdie lewenswaarhede geskryf, maar anders as die mense rondom hulle, was God deel van hul verstaan van die mens en sy wêreld.

WYSHEIDSLITERATUUR / -GESKRIFTE	Boek	Inhoud
	Spreuke	'n Versameling van wysheidspreuke
	Job	Die verhaal van Job en sy drie vriende vertel iets van hoe mense in daardie tyd oor sonde en straf gedink het
	Psalms	'n Bundel liedere waarin mense ons iets vertel van God en hul ervarings met ons deel
	Prediker	Die skrywer van hierdie boek was ietwat negatief oor die lewe en beskryf alles as tevergeefs en 'n gejaag na wind
	Hooglied	Beskrywing van die liefde tussen 'n man en vrou in die vorm van 'n gedig

Profetiese literatuur

'n Groot deel van die Ou Testament bestaan uit die profeteboeke. Ons kan die profete in twee groepe verdeel, naamlik die "groter" en die twaalf "kleiner" profete. God het mense (profete) gebruik om sy boodskappe aan die konings, die volk in die algemeen en enkelinge deur te gee. Ons kan maar sê dat God deur die profete met die mense van daardie tyd gepraat het. Die profete moes óf goeie nuus (heilsaankondiging) óf slegte nuus (oordeelsaankondiging) bring. Die profete was daar om almal gereeld te herinner aan die verbond of ooreenkoms wat God met die volk Israel aangegaan het.

GROTER PROFETE	Boek	Inhoud
	Jesaja	Hierdie boek bestaan uit drie dele wat uit verskillende eras dateer (Jesaja 1-39, Jesaja 40-55, Jesaja 56-66)
	Jeremia	Handel oor die profeet en sy werk. Die Klaagliedere van Jeremia (wat treurliedere oor die vernietiging van Jerusalem is) word soms met die profeteboek verbind
Esegiël	Hierdie profeet word saam met die ander in ballingskap na Babel weggevoer. Hy verkondig 'n boodskap van hoop aan die volk	

KLEINER PROFETE	Boek	Inhoud
	Hosea	Eerste van die kleiner profeteboeke en tydgenoot van Amos
	Joël	Handel hoofsaaklik oor die tema <i>dag van die Here</i>
	Amos	Skaapboer uit Tekoa wat skerp kritiek uitspreek oor die leiers van Israel (die noordryk)
	Obadja	Handel oor die straf van Edom vanweë sy ontroue optrede teenoor Israel
	Jona	Die verhaal oor die profeet Jona word vertel
	Miga	Tydgenoot van Jesaja
	Nahum	Bekend vir sy uitsprake teen Nineve
	Habakuk	Noodroep tot God oor onreg, en gebed van vertroue
	Sefanja	Onheilsaankondiging oor Juda en Jerusalem
	Haggai	Handel oor die heropbou van die tempel en die leiers Serubbabel en Jesua (520 voor Christus)
	Sagaria	Heilsaankondiging in die hede en die eindtyd
	Maleagi	Handel veral oor die klagtes teenoor die priesters by die tempel

Apokaliptiese geskrif

APOKALIPTIESE GESKRIF	Boek	Inhoud
	Daniël	Die eerste deel van die boek bevat verhale oor Daniël in die paleis van die Babiloniese konings In die tweede deel lees ons die openbaringe wat Daniël ontvang oor die toekoms van Israel. Hierdie gedeelte word ook beskou as apokaliptiese literatuur (Lees meer oor apokaliptiese literatuur onder die bespreking van die Nuwe-Testamentiese literatuur)

NUWE TESTAMENT

Die Nuwe Testament handel oor God se nuwe verbond of ooreenkoms met sondaars in en deur Jesus Christus. In die Nuwe Testament vind ons ook verskillende literatuursoorte wat vertel

van Jesus en sy volgelinge (dissipels of apostels en ander mense naby aan Hom). Hierdie deel van die Bybel bestaan uit 27 boeke afkomstig van verskillende outeurs. Die meeste van hierdie boeke is tussen die jare 50 tot 120 na Christus geskryf. Ons kan in die Nuwe Testament die volgende literatuursoorte onderskei: boeke met 'n historiese of verhalende karakter, briewe (met 'n leerstellige of persoonlike karakter), en 'n apokaliptiese boek ('n boek met 'n besondere soort profetiese karakter).

- **Verhalende boeke met 'n historiese karakter**

- Die Evangelies van Matteus, Markus, Lukas en Johannes vertel die verhaal van Jesus, sy wonderwerke, sy gelykenisse en sy verskille met die godsdienstige leiers van sy tyd.
- Ons word ook iets vertel oor die mense wat 'n rol in Jesus se lewe gespeel het.
- Die woord *evangelie* beteken Blye Boodschap of Goeie Nuus.
- Die eerste drie Evangelies staan bekend as die sinoptiese Evangelies omdat daar ooreenstemmende gedeeltes in hierdie drie boeke is.
- Die Evangelie van Johannes vertel die verhaal van Jesus vanuit 'n ander hoek as die drie ander Evangelies en het 'n unieke styl. Die Johannes-evangelie gee ons ook ander inligting oor Jesus.
- Die boek Handelingte vertel die verhale van Jesus se volgelinge ná Jesus se hemelvaart, die stigting van die eerste gemeentes en veral die sendingreise en sendingwerk van Paulus.

- **Briewe**

- Algemene briewe met 'n leerstellige karakter
 - Briewe het die doel gehad om kontak te hou met gemeentes of gelowiges wat vanweë afstand nie maklik bereikbaar was nie.
 - Briewe is nie altyd deur die skrywer self geskryf nie, maar wel deur die skrywer onderteken.
 - Verskeie briewe is geskryf om die mense te onderrig oor die Christelike geloof en Christelike lewenswyse (eties).
 - Ook probleme wat in van die gemeentes ontstaan het, word bespreek.
 - Die uitsondering hier is waarskynlik die brief aan die Romeine waarin Paulus 'n formele argument oor geloof en vryspraak voer. (Sien die lys van algemene briewe hieronder.)
- Pastorale briewe met 'n persoonlike karakter
 - In hierdie briewe word persoonlike onderrig en raad aan mense gegee. Ons kan hier veral die pastorale briewe noem (sien lys hieronder).

- **Apokaliptiese literatuur**

- Die Openbaring van Johannes is 'n apokaliptiese boek wat spesiale eienskappe het en wat dit anders maak as al die ander literatuursoorte in die Bybel.
- In die Ou Testament het die boek Daniël ook van hierdie eienskappe.
- Apokaliptiese literatuur vertel ons van dinge wat verborge is en maak baie gebruik van drome, visioene en getalle wat simboliese waarde het.
- Ons moet versigtig wees met die lees en verstaan van hierdie boeke en literatuursoort. Apokaliptiese literatuur is nie bedoel as voorspellings vir veel later tye (soos ons eie) nie.
- Die hoofdoel van apokaliptiese literatuur is om gelowiges in hul besonder moeilike omstandighede te bemoedig om aan hul geloof vas te hou, en nie om voorspellings oor die verre toekoms te maak nie.

- Apokaliptiese literatuur is nie die finale raadsplan van God in geheime kodes nie. Met ander woorde, 'n mens kan nie hieruit bepaal hoe en wanneer die wêreld tot 'n einde gaan kom nie.
- Dit gee ons ook nie fisiese inligting oor hoe die hemel of hel presies lyk nie, omdat die beskrywings daarvan ook simbolies is.

LITERATUUR-SOORT	Historiese/verhalende literatuur	Algemene briewe	Pastorale en persoonlike briewe	Apokaliptiese literatuur
BOEKE	Matteus Markus Lukas Johannes Handelinge van die Apostels	Romeine 1 en 2 Korintiërs Galasiërs Efesiërs Filippense Kolossense 1 en 2 Tessalonisense Hebreërs Jakobus 1 en 2 Petrus Judas 1 Johannes	1 en 2 Timoteus Titus Filemon 2 en 3 Johannes	Openbaring van Johannes

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- Vir elke kind een A4-papier met twee kolomme – minstens 39 oop spasies – met OU TESTAMENT boaan een en NUWE TESTAMENT boaan die ander.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

HET HULLE GEDOEN EN KAN HULLE ONTHOU?

Vra vir die kinders watter Bybelvertalings in Afrikaans reeds deur die Bybelgenootskap uitgegee is.

Kontroleer of die kinders die volgende hoofpunte oor die Bybel ken:

- Oor naasteby hoeveel jaar het die Bybel ontstaan? (*Die Bybel het oor ongeveer 1 000*

- *jaar stelselmatig ontwikkel tot die versameling boeke wat ons vandag ken.)*
- In hoeveel en watter dele is die Bybel verdeel? *(Die Bybel is verdeel in twee dele, naamlik die Ou en die Nuwe Testament.)*
- Uit hoeveel boeke bestaan elke Testament? *(Die Ou Testament bestaan uit 39 en die Nuwe Testament uit 27 boeke.)*
- Wat beteken die woord *testament*? *(Die woord “testament” beteken verbond of ooreenkoms.)*
- Wat beteken die woord *kanon*? *(Uitgespreek met die klem op die lang a in die eerste lettergreep – kanon beteken norm of maatstaf.)*
- Die Bybel is God se Woord in *(mensetaal).*
- Deur wie is die Bybel geïnspireer? *(Die hele Bybel is deur God geïnspireer.)*
- Waar of vals: Die Bybel is ’n geskiedenisboek. *(Vals. Die Bybel is ’n geloofsboek.)*
- Die Bybel dra as God se Woord *(gesag)* vir die gelowige.
- Deur wie word die Bybel vertaal en versprei? *(Die Bybel word vertaal en versprei onder leiding van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.)*

VANDAG LEER ONS

Maak jouself goed vertrouwd met MEER INLIGTING hierbo, sodat jy ’n deeglike agtergrond het van die opsomming hieronder. Hou die opsomming aan die kinders voor.

BEGIN SO

Wanneer ons in die gewone lewe vir iemand iets wil sê, doen ons dit op verskillende maniere. Neem maar as voorbeeld ’n kêrel wat vir sy meisie wil vertel dat hy vir haar lief is. Hy kan dit dan op die volgende maniere doen:

- Hy kan ’n liefdesbrief skryf.
- Hy kan ’n liefdesgedig skryf.
- Hy kan die gebeure beskryf wat hom vir haar liefgemaak het.
- Hy kan ’n storie skryf waarin hulle die hoofkarakters is.
- Hy kan met ’n kitaar by haar kamervenster opdaag en ’n liefdeslied sing.
- Hy kan dit deur tekens en simbole wat hulle albei ken en verstaan, in die geheim vir haar wys.

Hy hoef dus nie net by haar te kom en te sê *ek is lief vir jou* nie. Hy kan dit ook op verskillende maniere (literatuursoorte) skryf. So het ons ook verskillende literatuursoorte in die Bybel.

IETS INTERESSANT

Ons kan onder die 39 boeke van die Ou Testament die volgende literatuursoorte onderskei:

- VERHALENDE LITERATUUR (verhale word geskryf)
 - Die bedoeling van verhale in die Bybel is –
 - om iets van God se bemoeienis met mense te vertel.
 - om ons geloof te vorm.
 - om te wys hoe God getrou bly aan sy beloftes.
- WETTIESE LITERATUUR (wette word geskryf)
 - In die Ou Testament vind ons wette van God of voorskrifte aan sy volk oor –
 - die beoefening van hul godsdiens.

- alledaagse dinge soos hoe hulle hulself rein moet hou (reinigingswette).
- die regstelsel in Israel.

Die belangrikste wet in die Ou Testament is die tien gebooië in Eksodus 20 of Deuteronomium 5.

- **DEUTERONOMISTIESE GESKIEDSKRYWING**
 - Dit is die beskrywing van Israel se geskiedenis van die woestyntydperk, die intog in die beloofde land, die vestiging en verdeling van die koninkryke van Israel en Juda tot met die aanbreek van die Babiloniese ballingskap van Juda in 587/6 vC.
 - Ons vind dit in die boeke van Deuteronomium tot 2 Konings.
- **KRONISTIESE GESKIEDSKRYWING**
 - Die latere beskrywing van Israel en Juda se geskiedenis soos ons dit vind in die boeke van 1 en 2 Kronieke, Esra en Nehemia.
 - Die bevat ook die verhaal van Juda se terugkeer na afloop van die Babiloniese ballingskap. Die Israëliete keer terug na Juda en begin die heropbou van die land, die stad Jerusalem en die tempel.
- **WYSHEIDSLITERATUUR**
 - Dit was –
 - lewenslesse wat opgeteken is.
 - verhale wat vertel is om die een of ander lewenswaarheid te bespreek.
 - gedigte wat vrae vra oor die mens se bestaan.

God was in bogenoemde altyd die belangrikste deel van hul verstaan van die mens en sy wêreld.

- **PROFETIESE LITERATUUR**
 - Ons kan die profeteboeke in twee groepe verdeel, naamlik die “groter” en die twaalf “kleiner” profete.
 - God het profete gebruik om –
 - sy boodskappe aan konings, die volk en enkelinge deur te gee.
 - goeie nuus (heilsaankondiging) of slegte nuus (oordeelsaankondiging) te bring.
 - sy volk Israel te herinner aan sy verbond of ooreenkoms met hulle.
- **APOKALIPTIESE LITERATUUR**
 - Die verhale oor Daniël aan die Babiloniese hof, en die visioene wat hy gesien het.

Ons kan onder die 27 boeke van die Nuwe Testament die volgende literatuursoorte onderskei:

- **EVANGELIES**
 - Die Evangelies van Matteus, Markus, Lukas en Johannes vertel die verhaal –
 - van Jesus, sy wonders, sy gelykenisse, sy verskille met die leiers van sy tyd, en
 - van die mense wat ’n rol in Jesus se lewe gespeel het.
 - Die woord *evangelie* beteken Blye Boodskap of Goeie Nuus.
 - Die eerste drie Evangelies staan bekend as die sinoptiese Evangelies omdat hulle baie ooreenstem.

- Die boek Handeling vertel van Jesus se volgelinge na Jesus se hemelvaart, die stigting van die eerste gemeentes en veral die sendingreise en sendingwerk van Paulus.
- **ALGEMENE BRIEWE**
 - Hierdie briewe het die doel gehad om –
 - kontak te hou met gemeentes of gelowiges wat nie maklik bereikbaar was nie.
 - mense te onderrig oor die Christelike geloof en Christelike lewenswyse (eties).
 - probleme wat in van die gemeentes ontstaan het, te bespreek.
- **PASTORALE OF PERSOONLIKE BRIEWE**
 - In hierdie briewe word persoonlike onderrig en raad aan mense gegee.
- **APOKALIPTIESE LITERATUUR**
 - Die Openbaring van Johannes is (soos Daniël in die Ou Testament) 'n apokaliptiese boek wat –
 - simbolies dinge en drome, visioene en getalle gebruik om te vertel dat God in beheer is, en om gelowiges in moeilike omstandighede te bemoedig.
 - nie in die eerste plek voorspellings oor die toekoms maak nie.
 - nie die finale raadsplan van God gee oor hoe en wanneer die wêreld tot 'n einde gaan kom nie.
 - nie vertel hoe die hemel of hel presies lyk nie.

IETS BELANGRIK

Herhaal net weer die verskillende literatuursoorte:

OU TESTAMENT

- Verhalende literatuur
 - Genesis
 - Eksodus
 - Numeri
 - Deuteronomium
 - Josua
 - Rigters
 - Rut
 - Ester
 - Jona
- Wetsliteratuur
 - Eksodus
 - Levitikus
 - Numeri
 - Deuteronomium

Die belangrikste wet in die Ou Testament is die tien gebooe in Eksodus 20 of Deuteronomium 5.

- Deuteronomistiese geskiedskrywing (ook grootliks verhalende literatuur)
 - Deuteronomium
 - Josua
 - 1 en 2 Samuel

- 1 en 2 Konings
- Kronitiese geskiedskrywing (ook grootliks verhalende literatuur)
 - 1 en 2 Kronieke
 - Esra
 - Nehemia
- Wysheidsliteratuur
 - Spreuke
 - Job
 - Psalms
 - Prediker
 - Hooglied
- Profetiese literatuur
 - Groot profete: Jesaja, Jeremia, Esegïel
 - 12 klein profete: Hosea, Joël, Amos, Obadja, Jona, Miga, Nahum, Habakuk, Sefanja, Haggai, Sagaria, Maleagi

NUWE TESTAMENT

- Evangelies en Handeling (boeke met 'n historiese en verhalende karakter)
 - Matteus
 - Markus
 - Lukas
 - Johannes
 - Handeling
- Algemene briewe
 - Romeine
 - 1 en 2 Korintiërs
 - Galasiërs
 - Efesiërs
 - Filippense
 - Kolossense
 - 1 en 2 Tessalonisense
 - Hebreërs
 - Jakobus
 - 1 en 2 Petrus
 - Judas
 - 1 Johannes
- Pastorale of persoonlike briewe
 - 1 en 2 Timoteus
 - Titus
 - Filemon
 - 2 en 3 Johannes
- Apokaliptiese literatuur
 - Openbaring van Johannes

Vertel die volgende interessantheide oor die skrywers van die Nuwe-Testamentiese geskrifte:

- Matteus was 'n tollenaar (belastinggaarder vir die Romeinse regeerders).
- Markus was 'n assistent van Paulus, Barnabas en moontlik Petrus.
- Lukas was ook die skrywer van die boek Handeling van die Apostels. Hy was 'n mediese dokter en vriend van Paulus.
- Johannes was moontlik die seun van Sebedeus en Salome. Hy was 'n visserman van

beroep en het saam met Petrus en Andreas vis gevang. Johannes het waarskynlik die laaste jare van sy lewe in Efese deurgebring.

- Paulus, die skrywer van die meeste van die briewe, was eers 'n Joodse rabbi met die naam Saulus en 'n vervolger van die eerste Christene. Hy kom op pad na Damaskus tot bekering nadat Jesus self aan hom verskyn het.

IETS OM TE DOEN

- Laat die kinders, met hul Bybels toe, om die beurt elkeen vyf Bybelboeke opeenvolgend opnoem terwyl die ander dit presies net soos dit genoem is in hul boeke neerskryf.
- As daar te min kinders is, begin weer by die eerste kind en gaan voort tot 66 boeke neergeskryf is.
- Moet hulle nie reghelp as hulle foute maak nie en laat hulle mekaar ook nie reghelp nie.
- Die kinders moet oplet dat name nie herhaal word nie.
- Die uitdaging aan die kinders is om gesamentlik by al 66 van die boeke uit te kom.
- Sodra daar 66 name neergeskryf is, gee die korrekte name en laat hulle dit regmaak in hul boeke.
- Laat die kinders sê wat hul gunstelinggedeelte in die Bybel is en aandui watter literatuursoort hy of sy meen die boek is.

BY DIE HUIS

DOEN

Die kinders moet gedurende die week die boek Jona of die boek Ester lees en 'n kort opsomming maak van alles wat in die boek gebeur. Hulle vertel volgende Sondag Jona of Ester se verhaal. (Die seuns lees Jona en die dogters Ester.)

LEER

Laat hulle die verskillende literatuursoorte in die Ou en die Nuwe Testament leer en ten minste twee voorbeelde van elk onthou.

AFSLUITING

Lees of sing Gesang 255:1 en sluit af met gebed.

*Woord van God, Woord van die lewe,
Woord vir ewig vas en waar,
Woord onfeilbaar en verhewe
waarin God Hom openbaar!
Woord betroubaar, vas en waar
deur miskennis, deur gevaar –
wat sou ons dan ooit laat bewe?
In dié Woord het ons die lewe!*